Hoe om ’n foto-skattejag te hou

Graad R tot 7

Gebruik foto’s om ’n maklike skattejag te hou. Hierdie is ’n vinnige metode en altyd ’n wenner!

Onderwerp: Voortrekkerwerk

Stappe

1. Neem foto’s van verskillende plekke. ’n Skoolterrein is ’n ideale plek.
2. Plaas die foto’s in ’n dokument.
3. Nommer die foto’s.
4. Gaan voor die tyd na elke punt toe en plaas ’n boodskap of leidraad by die punt. Moenie dit te ooglopend maak nie. Plaas byvoorbeeld die leidraad agter ’n pot. Persone wat nie by die skattejag betrokke is nie, kan die leidrade dalk verwyder indien dit te ooglopend is.
5. Besluit self wat die doel van die skattejag is.

   Jy kan dalk 10 woorde wat elkeen ’n Voortrekkerkode verteenwoordig as leidrade by die punte plaas. Hulle moet dan die woorde met die korrekte kode assosieer.

   Sny die PD-belofte in stukke. By elke punt ontvang hulle woorde wat deel is van die Belofte. Hulle moet dan die woorde in die korrekte volgorde plaas.

   Jy kan Voortrekkerwapens uitsny en by elke punt plaas. Die kinders moet dan net die wapens versamel. Daar is dan geen raaisel om op te los nie (aangeheg).
6. Jy kan byvoorbeeld by die laaste punt ’n verrassing hê soos om by die Wimpy roomys te bestel. Reël vooraf met die Wimpy om binne elke roomys die leidrade/woorde te sit. Lamineer net die woorde/leidrade vooraf.

Wenke

1. Jy kan die foto’s/leidrade meer of minder maak. Dit hoef nie noodwendig 10 te wees nie.
2. Vra elke kind om R15 saam te bring indien die laaste punt roomys by die Wimpy is.

Waarskuwings

1. Sê vooraf vir die kinders/spanlede dat hulle bymekaar moet bly en beurte moet maak om leiding te neem. Baie keer sal een of twee kinders/spanlede vinnig vooruit hardloop en elke keer eerste die leidrade versamel.

Videos

Hoe om ’n foto-skattejag te hou